L Juliana M Claassens
Professor van Ou Testament
Departement van Ou en Nuwe Testament
Universiteit van Stellenbosch
jclaassens@sun.ac.za

Genesis 4:1-16
Jesaja 5:7b-16

Op soek na menswaardigheid

1. My man, Robert, is ‘n groot Bob Dylan fan. Hy kan gewoonlik nie wag om die volgende Bob Dylan CD te koop nie. Op een van die CD’s in sy Dylan versameling is daar ‘n lied met die titel: “Dignity.” Die woorde van die eerste paar strofes is soos volg:

> “Fat man lookin' in a blade of steel
> Thin man lookin' at his last meal
> Hollow man lookin' in a cottonfield
> For dignity
> ….
> Somebody got murdered on New Year's Eve
> Somebody said dignity was the first to leave
> I went into the city, went into the town
> Went into the land of the midnight sun
>
> Searchin' high, searchin' low
> Searchin' everywhere I know
> Askin' the cops wherever I go
> Have you seen dignity?”

2. In hierdie treffende lied, vertel Bob Dylan hoe hy op soek is na menswaardigheid. In ‘n konteks van waar mense vermoor word, van waar mense ‘n hongerdood in die gesig staar, en van waar mense as slawe werk in die Suide van Amerika se katoenvelde, soek hy vir ‘n greintjie van menswaardigheid. Hy soek herwaarts en derwaarts en oral waar hy kom vra hy mense: “Have you seen dignity?”
3. Die soeke na menswaardigheid is ‘n storie so oud soos die berge. Van die dag wat Kain gesukkel het om die menswaardigheid in sy broer Abel se gesig raak te sien en hom gevolglik vermoor het, is menswaardigheid soek. Soos Bob Dylan terreg uitwys dat as iemand vermoor word, is menswaardigheid die eerste een wat die toneel verlaat.

4. Die Kain en Abel verhaal wat ons vanoggend gelees het plaas ‘n sentrale vraag op die tafel: kan ek die menswaardigheid in my broer se weerlose gesig raaksien? Of is die onverskillige en weier-om-om-te gee houding soos wat blyk uit Kain se arrogante antwoord toe God vir hom vra waar sy broer is: “Is ek my broeder se hoeder?” wat ons daaglikse omgang met die mense rondom ons bepaal?
5. In ons tweede skriflesing vanoggend in Jesaja 5, word ‘n lang lys van voorbeelde genoem waar mense se waardigheid bedreig word. Bv in v 8 word mense uitgebeeld as gulsig, hoe hulle “huis na huis inpalm, die een plaas na die ander in die hande kry, totdat daar geen plek vir ander oorbly nie en net [julle] alleen grondeienaars in die land is.” Selfsug en eiegewin maak dat mense hulle bure se huise en plase konfiskeer en so hulle vermoë om ‘n lewe te maak ernstig affekteer.
6. En in v 23 is dit juis die regstelsel wat veronderstel was om die armes te beskerm wat nou die weerloses uitbuit wanneer Israel aangekla word dat hulle “die skuldige vryspreek vir omkoopgeld, maar 'n onskuldige sy reg ontneem.” In Jesaja se tyd soos vandag ook maar is dit ‘n vraag of daar enigsens geregtigheid is vir diegene wat nie ryk is nie.
7. Hierdie situasie waar die armes aan die kortste end trek lok harde woorde uit van die profeet wat God se oordeel aankondig. Ses keer word daar in hierdie teks gesê: “Ellende wag vir julle.” Ellende wag vir julle: julle mooi groot huise “sal murasies word, sonder bewoners.” Ellende wag vir julle: al julle harde werk verniet sal wees wanneer daar maar beperkte opbrengs – ‘n enkele mandjie druiwe …en net een kruik vol graan (v 10). Die rede vir hierdie oordeel is duidelik in v 7:

   “Die Here het verwag dat daar reg (*mispat*) sou wees, maar daar was net onreg (*mishpahah*),
   dat daar geregtigheid (*tsedekah*)sou wees, maar daar was net die hulpgeroep (*tseakah*)van veronregtes.”

8. Soos julle in die Hebreeus woorde mishpat/mishpahah; tsedekah/tseakah kan hoor word die gebrek aan menswaardigheid treffend uitgebeeld met ‘n slim woordspel. Hierdie onreg en hulpgeroep van die slagoffers beeld die gebrek aan menswaardigheid uit onderliggend aan die verhaal van die tragiese moord op Abel sowel as die konteks van geweld, bloedvergieting, gulsigheid en onreg wat in die boek Jesaja uitgebeeld word. Bob Dylan se woorde is profeties: “Have you seen dignity?”

9. En wat van ons eie konteks? Ek is seker u het reeds aan ‘n aantal situasies gedink waar menswaardigheid vandag skreiend afwesig is. Die situasie in Zimbabwe waar boere se plase afgevat word. Of in ons eie land waar menselewens bitter min werd geword het, waar die geweldenaars nie kan raaksien: hier is ‘n mens voor my nie. Of as ‘n mens gaan kyk hoe ons ou mense in versorgingsoorde of in hospitale behandel word en waar hulle al te gereeld nie die sorg kry wat hulle verdien nie, nie met waardigheid behandel word nie, spreek Dylan ‘n waar woord:

> “I went down where the vultures feed
> I would've got deeper, but there wasn't any need
> Heard the tongues of angels and the tongues of men
> Wasn't any difference to me”

10. “The tongues of angels and the tongues of men” is natuurlik ‘n verwysing na 1 Korinthiers 13 wat soos die een beryming dit so mooi sê: “praat ek mense engele tale maar ek het nie liefde, is my woorde hol simbale, klanke sonder melodie.” Dylan sê dat hy daar waar die aasvoëls vreet gaan soek het vir waardigheid, maar al wat hy kon hoor was die “mense engele tale.” Dus per implikasie was daar geen liefde nie. En waar daar nie liefde is nie, kan ons ook nie menswaardigheid verwag nie.
11. Tog is daar ‘n sprankie hoop in hierdie tekste wat so indringend spreek van ontmensliking. In die verhaal van Kain en Abel sien ons kragtig geïllustreer dat selfs waar menswaardigheid geskend word, onreg nie ongesiend verbygaan nie. Genesis 4 vertel op dramatiese wyse hoe die bloed van Abel van die grond af roep tot God. Te midde van die onreg sien ons hoe die bloed van die slagoffer ‘n lewe van sy eie kry en smeek om raak gesien te word.
12. Ook in Jesaja 5 sien ons hoe God die krete van diegene wie se menswaardigheid geskend word hoor en hoe God nie blind is vir die onreg wat deur Jesaja se tydgenote gepleeg is nie. Te midde van die menseregte skendings wat Jesaja een na die ander opnoem, hoor ons die kragtige oortuiging wat mooi in die NRSV vertaling verwoord word: “The Lord God is exalted in justice, made holy by righteousness.” Die Here God word geëer daar waar reg geskied. Die heiligheid van God breek juis in daardie situasies van ontmensliking waar mense se regte vertrap word.
13. Hierdie tekste beeld ‘n God uit wat identifiseer met mense in hulle mees desperate omstandighede. Binne situasies van geweld en hulpkrete, dien die beeld van God wat hoor hoe slagoffers huil en wat raaksien waar mense se menswaardigheid geskend

word, vir ons as ‘n herinnering dat God waarlik geëer word waar reg en geregtigheid geskied.

14. ‘n Mooi voorbeeld wat hierdie punt goed illustreer kom uit een van die donkerste tye in mense heugenis. Melissa Raphael vertel in haar boek, *The Female Face of God at Auschwitz* hoe te midde van die ontsettende ontmensliking en vernedering wat die konsentrasiekamp soos Auschwitz gekenmerk het, mense op ‘n besonderse wyse hulle menswees en waardigheid uitgeleef het. Sy vertel byvoorbeeld hoe talle mense mekaar gehelp het oor familiegrense heen. Byvoorbeeld, Raphael vertel die storie van Sara Nomberg-Przytyk, wat op die randjie van die dood was as gevolg van die ekstreme koue toe hulle te voet uit Auschwitz verskuif is. Uit die bloute gee ‘n onbekende vrou haar eie kombers vir Sara – sê sy sal met haar dogter deel. In reaksie op Sara se herhaalde versoek vir haar naam, plaas die vrou ‘n korsie brood in haar hand.
15. Stories soos die van Sara en haar naamlose weldoener asook die van talle ander doodgewone vroue wat deur dade van sorg en empatie vir ander gesorg het reflekteer iets van die teenwoordigheid van God. Hierdie eenvoudige dade van medemenslikheid het die funksie gehad het om mekaar se menswaardigheid te herstel wat so ernstig geskend is deur die Nazis: Soos Jesaja van ouds sê Raphael ook: “God is teenwoordig waarookal menswaardigheid geëer word.”
16. So hoe vind ons menswaardigheid terug in ons samelewing waar daar soms maar alteveel onreg en liefdeloosheid is? In die hart van die gesprek oor menswaardigheid gaan dit oor liefde vir die ander wat met die Engelse woord “compassion” vertaal kan word. Letterlik beteken “compassion” soos ook sy Duitse ekwivalent “mitleid” om “saam te ly.” Ons vertaal “compassion” in Afrikaans dikwels met die term “empatie” of “simpatie”, maar compassion is meer as net ‘n geval om ‘n ander jammer te kry, “die siestog/fooitog” van simpatie. En compassion is ook meer as empatie wat bloot die vermoë om te verbeel waardeur die ander gaan. “Compassion” verwoord iets veel diepers van werklik jouself in te leef in die ander se ervaring en saam met hom/haar te ly. Hierdie ervaring van opregte “compassion” met die ander is essensieel daarvoor om die ander se waardigheid raak te sien, en sodoende menswaardigheid in ons samelewing terug te vind.
17. Ek het onlangs baie mooi goed oor hierdie tema gelees in die filosoof Martha Nussbaum se werk oor Emosie. Sy vra in die boek *Upheavals of Thought* die vraag hoe indiwidue en ‘n gemeenskap mense kan leer om compassion met mekaar te hê: Sy

wys dat die vermoë om empatie te voel iets is wat ons reeds van kleinsaf leer (of nie leer nie), reeds in die ouer/kind verhouding. Tog is die realiteit dat dit eg menslik is dat mense soms maar sukkel om empatie met mekaar te voel veral oor grense van ras, klas, nasionaliteit, geslag en seksualiteit heen. Mense sukkel dikwels om hulself in die ander se skoene te plaas – veral as dit iemand is wat baie anders as ek is wat swaarkry. Maar Nussbaum is positief daaroor dat mense wel instaat is om compassion oftewel mitleid aan te leer. Sy beskryf drie voorwaardes wat noodsaaklik is vir mense om werklik saam met die ander te ly:

18. In die eerste plek moet ‘n mens oortuig kan wees van die feit dat wat met ‘n ander persoon aan die gebeur is erg is. In die lig van ons skriflesing vandag: dit is erg dat Abel sy lewe verloor. Dit is erg dat mense se huise en land afgeneem word. Dit is erg dat daar nie geregtigheid is vir armes in die samelewing nie. Of in ons konteks, dit is erg dat mense in shacks moet woon, dat hulle nie toegang het tot skoon water, elektrisiteit, voedsame kos, goeie opvoedingsgeleenthede nie. Of dat daar elke 27 sekondes ‘n vrou in hierdie land verkrag word. Die eerste stap om menswaardigheid terug te vind in ons samelewing is om te erken dat alles nie reg is nie, om die onreg te benoem en mense se pyn raak te sien.
19. Maar ‘n tweede belangrike punt om ware compassion aan te leer, is dat ‘n mens oortuig is daarvan dat die persoon nie verdien het wat met hom of haar gebeur het nie. In die geval van die moord op Abel kan almal wat die verhaal hoor sê: dit is nie reg dat Abel se lewe van hom af weggeneem is nie. Hy verdien nie om so behandel te word nie. Of in die geval van die teks in Jesaja wat ons gelees het word Israel se optrede in die sterkste terme veroordeel as ‘n onreg.
20. Dit is egter nie altyd vir ons maklik om die onreg in ons gemeenskap raak te sien nie. So dikwels sal ons sê: ja die armes is net lui, hulle wil nie werk nie. Of daardie vrou moes nie aangetrek het soos sy aangetrek het nie – sy het gesoek daarvoor.
21. Daarom is derde punt wat so belangrik is vir ons om compassion aan te leer dat ons as mense ‘n gedeelde weerloosheid het. Dit is om myself werklik in die ander se situasie in te leef, bv. hoe sou ek gevoel het as ek nie vir my kind kan kos voorsien nie? Of hoe sou ek gevoel het as ek skielik nie meer die gebruik van my bene het nie? Dit is om te erken dat ons as mense meer weerloos is as wat ons wil dink.
22. Compassion berus verder op die vermoë om die ooreenkomste tussen myself en ander raak te sien. Soos die Jood Shylock dit so mooi gesê het in die Shakespeare toneelstuk, *Merchant of Venice:* “Het ‘n Jood dan nie ook oë, hande, dimensies,

sintuie, gevoelens en passie nie? Word ‘n Jood nie met dieselfde kos gevoed nie, met die selfde wapens gewond nie, kry dieselfde siektes nie, word warm en koud deur dieselfde winter en somer as ‘n Christen nie? “If you prick us, do we not bleed? if you tickle us, do we not laugh? if you poisonus, do we not die? and if you wrong us, shall we not revenge?”

23. Shylock se woorde wat handel oor mense van verskillende godsdienste kan ook geld vir ons hier in Suid-Afrika wat die land met soveel verskillende rassegroepe deel. Ons deel dieselfde frustrasies, vreugdes, en vrese. ‘n Sentrale aspek om compassion vir mekaar te ontwikkel is om opreg te probeer verstaan hoe jy in dieselfde situasie sou gevoel het as iemand wat in shack woon, sukkel om werk te kry, of hoe vreesbevange mense is vir die geweld wat sonder waarskuwing inbreek in ons huise en op ons plase. Nussbaum maak die goeie punt dat die definisie van boosheid is as jy nie empatie met ‘n ander kan toon nie; dat jy nie in die ander se oë kan raaksien dat hier ‘n mens voor jou staan nie
24. Die vraag wat ek vandag met julle laat is kan ons in hier in Suid Afrika weer menswaardigheid terug kry? Soos Bob Dyllan dit kragtig stel:

    “Soul of a nation is under the knife
    death is standing in the the doorway of life”

25. Kan ons insien dat die, soos Desmond Tutu gesê het, “Rainbow People of God” in hierdie land een en elk verdien om met menswaardigheid behandel te word? En as ons dit glo, hoe kry ons dit reg in ons gemeeente, vir ons kinders, in ons vriendekring om al hoe meer te groei in ons vaardigheid om ‘n ander se unieke menswees te erken?
26. Interessant genoeg wys Nussbaum op die rol van verhale. Sy sê byvoorbeeld dat in haar eie lewe het die kinderverhaal *Black Beauty* en die Amerikaanse boek *Uncle Tom’s Cabin* ‘n groot rol gespeel om vir haar die eerste lesse in empatie te bied – vir perde en vir die slawe in die Amerikaanse Suide. Dit is dalk nie ‘n slegte idee om meer verhale in ons gemeentes te vertel nie om so ons oë vir mekaar oop te maak. Want sê Nussbaum, as ons iemand anders in ons verbeelding kan inlaat, is dit baie moeiliker om sleg vir hom/haar toe te wens. Deur verhale van mense van verskillende ekonomiese groepe, ras, nasionaliteit, seksuele orientasie anders as ons te hoor, word ons ingetrek in ander se lewens; word ons ‘n deelnemer in hulle pyn.
27. ‘n Soortgelyke effek kan ons verkry word deur interaksie met mense. Ek het onlangs by die konferensie oor Teologie, Gestremdheid en Menswaardigheid wat die Fakulteit Teologie by Stellenbosch Universiteit gesien hoe die interaksie met mense wat leef

met gestremdhede ontsettend baie gedoen het om mense te laat groei in compassion. Een van die hoogtepunte vir my van die konferensie was die teenwoordigheid van die groep dowe teologiese studente van Deaf Christian Ministry of Africa. Hulle het aktief deelgeneem deur die loop van die konferensie deur middel van gebare taaltolke.

28. Een insident wat hierdie soeke na menswaardigheid goed illustreer het plaasgevind toe die een spreker die punt probeer maak het oor beperkinge en gestremdheid: ons weet tog almal dat blindes kan nie sien nie, kreupeles kan nie dans nie, dowes kan nie sing nie. Een dowe student se reaksie was dat mense nie moet dink dat dowes nie kan sing nie – iets wat die groep die aand goed geïllustreer het toe hulle ‘n lied gesing het met handgebare, bewegings en geluide wat hulle self gekomponeer het. Deur te sing, en gehoor en gesien te word het hierdie studente iets van hulle menswaardigheid wat so dikwels deur die samelewing geskend word herwin.
29. Ek wil afsluit met ‘n gebed. Dit is ‘n lied wat kom uit die Taize gemeenskap en die woorde is as volg:

    “Waar daar liefde is, daar is God.”
30. Ek sou dit wou uitbrei met:

    “Waar daar compassion of mitleid is, daar is God.”

    of

    “Waar daar menswaardigheid is, daar is God.”

Lied 526 Ubi Caritas,

Geloofsbelydenis

Deur die eeue heen het mense te midde van erge menseregte skendings gewonder waar is God? Zachary Braiterman skryf in die tyd na die Holocaust, een van die donkerste ure in menseheugenis toe 6miljoen Jode, gypsies, gays en ander mense wat nie as mense gereken is nie, die boek met die titel: (*God) after Auschwitz: Tradition and Change in Post-Holocaust Jewish Thought.* God is in hakies wat dui op ‘n erge geloofskrisis wat vra: hoe kan ‘n mens steeds in God na alles wat gebeur het. Richard Rubenstein het hierdie skokkende gedagte as volg gestel: “When I say we live in the time of the death of God, I mean that the thread uniting God and man, heaven and earth has been broken. We stand in a cold, silent, unfeeling cosmos, unaided by any purposeful power beyond our own resources. After Auschwitz, what else can a Jew say about God?”

En tog, te midde van die holocaust, sien ‘n mense gelowiges wat steeds vashou aan God, wat steeds hulle geloof bely en wat glo in die krag van liefde om onreg teen te staan. So is daar in die Warsaw ghetto, die volgende woorde teen die een muur gevind:

"I believe in the sun, even when it is not shining.

I believe in love, even when I don't feel it.

I believe in God, even when there is silence."

Offergawe:
Speel lied van CD (2minute):

Bob Dylan, “Dignity”
Fat man lookin' in a shining steel
Thin man lookin' at his last meal
Hollow man lookin' in a cottonfield
For dignity

Wise man lookin' in a blade of grass
Young man lookin' in the shadows that pass
Poor man lookin' through painted glass
For dignity

Somebody got murdered on New Year's Eve
Somebody said dignity was the first (last) to leave
I went into the city, went into the town
Went into the land of the midnight sun

Searchin' high, searchin' low
Searchin' everywhere I know
Askin' the cops wherever I go
Have you seen dignity?

Blind man breakin' out of a trance
Puts both his hands into the pockets of chance
Hopin' to find one circumstance
Of dignity

Strangers stares down the light
from a platinum window in the Mexican night
searching every bloodsucking thing in sight
for dignity

I went down where the vultures feed
I would've got deeper, but there wasn't any need
Heard the tongues of angels and the tongues of men
It all sounded no different to me

Soul of a nation is under the knife
death is standing in the the doorway of life
in the next room a man fighting with his wife
over dignity